



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 3/15
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** vocinfo@voc.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Algemene Jaarvergadering

Hartlike dank aan elkeen wat ons twintigste AJV bygewoon het. Dit was 'n hoogs suksesvolle byeenkoms. Die atmosfeer was aangenaam, die gees was positief en entoesiasies. Die gasspreker (mnr C. Gilfellan, HUB van die Kasteel), het 'n kragtige toespraak oor die Kasteel se toekoms gemaak, waarin hy o.a. die Stigting aangemoedig het om 'gedetermineerd en pro-aktief' deel te neem.

Die bestuurskomitee is herkies, met permanente byvoeging van me. S. Gelderblom as lede-sekretaris. Die voorgestelde nuwe Grondwet is na 'n beswaar onttrek en sal deur 'n gekose komitee hersien word. Verskeie interessante nuwe praktiese bewarings-, opvoedkundige en kultuurtoerisme projekte is voorgestel en aangeneem. Meer daaroor later. Die lopende projekte, in verskillende stadiums van voltooiing is: (a) Naamsverandering, Rockview Dam (b) Deproklamasie, s.g. 'Van Riebeeck -heining' (c) Beskerming, Streekname (d) Beskerming, VOC-baken, Geelbeksfontein. Die bestuur sal weer ernstig probeer om betrekkinge met die Stadsraad te verbeter.

Die eksklusiewe, aantreklike ou Seremonieële Kantoor ('*die oudste werkende kantoor in die land*') - C. Gilfellan) en verversings deur die Kasteel geskenk, het tot die genot van die middag bygedra.

Ligbruin pet:

'n Ligbruin pet ('*Swakopmund*') is by die vergadering agter gelaat. Sal die eienaar van hom laat hoor, by die afsender se adres?

Stigtingsdag:

Op 20 Maart het ons die volgende boodskap aan Caemer die Haeghe gestuur, en hul antwoord ontvang.

Die boodskap van ons vriende uit Suid Afrika



20 Maart 1602 - 20 Maart 2015

By geleentheid van die 413e herdenking van die oprigting van die 'loffelijke Compagnie' wens ons graag ons vriende van Caemer die Haeghe 'n gelukkige dag en voorspoed met al u aktiwiteite.

Voorsitter en bestuur,
Stigting VOC, Kaapstad

Verenigde Oostindische Compagnie
Stigtingsdag 20 maart 1602te Middeburg

Die antwoord aan ons vriende.



Voorsitter en bestuur,
Stigting VOC, Kaapstad

Bale dankie vir u goeie wense. Na afloop stuur ek ons vriende uit Afrika 'n paar beelde van hierdie viering.

Die hartlike groete namens die
Participanten en die bestuur van die
Caemer Die Haeghe
Sven / Scriba

Verenigde Oostindische Compagnie
Stigtingsdag 20 maart 1602te Middeburg

Standbeeld: Johan van Oldebarneveld

Foto: Sven-Olaf Niels

Halve Maen



Foto: Historiek ('n uiters interessante, gratis weeklikse geskiedenis-tydskrif op internet.)

'n Volskaal model van die jag *Halve Maen* uit die Ontdekkings tyd (1450 -1650) is te water gelaat. Die VOC het die jag van 80 ton onder bevel van skipper Henry Hudson in April 1609 gestuur om na 'n noordwestelike deurgang, dit is bo-om die huidige Kanada, vir skepe op weg na die Ooste te soek. Dit was onmoontlik as gevolg van soliede ys - vandag is dit moontlik a.g.v. aardverwarming - maar Hudson het op die tog Hudson Baai en ook Manhattan Eiland 'ontdek.' Op dié eiland het die Wes-Indiese Kompanjie Hollanders spoedig die stad Nieuw Amsterdam aangelê. Van 1673 af heet dit New York. Die oorspronklike Halve Maen het in 1618 tydens 'n Engelse aanval op Jakarta uitgebrand.

Daar was al twee vorige replikas, wat albei deur brand vergaan het. Die nuutste een kom op 23 Mei uit die VSA in Hoorn aan, as dekvrag op 'n vragskip. Die Westfries Museum in Hoorn huur dit vir vyf jaar. Dit sal vir seilvaart en ander opvoedkundige wyses deur die Museum gebruik word

Die hekbeeld (die wit sekelmaan) is volgens my vermoede die beeld vir die skip *Wassende Maen*, wat beteken 'groeierende maan'. Enige menings?

Behouwde vaert! Selamat jalan

D. SLEIGH (Dr)
REDAKTEUR